# Laerskool Unika

LAERSKOOL UNIKA 1960–2020

Abbotweg, Robindale, Randburg 2194, Privaatsak X6, Pinegowrie 2123
Tel: 011 888 4556, Faks: 011 888 1363 of 086 617 7651, unika@unika.co.za, www.unika.co.za

**27 JANUARIE 2020, KWARTAAL 1, UITGAWE 03**

## 1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR

**Baie dankie** aan al die ouers en leerders wat die Interhuis op 17 Jan. en die vriendskaplike byeenkoms by Dalmondeor op 22 Jan. bygewoon, deelgeneem– en ondersteun het. Ons atlete het fenomenaal presteer en Unika se naam hoog gehou. Welgedaan!
Ons sien uit na Unika se Prestige-byeenkoms op 28 Jan. Die atlete wat deelneem, het briewe op Vrydag, 24 Jan. ontvang.

**Sterkte** aan al die sportbyeenkomste en aktiwiteite vir die week. Geniet dit en hou Unika se naam hoog!

Namens myself, juffrou Elna van Zyl en die personeel, **'n hartlike dankie** aan **mnr. Eugené Coetzee** vir die ongelooflike transformasie wat hy aan die personeelkamer gedoen het. Die personeelkamer word elke dag deur die personeel gebruik en die Beheerliggaam het dit goedgedink dat die personeelkamer opgekap word. Ons waardeer die geskenk terdeë.

**"BEFORE"**



**"AFTER"**





E|C|A|A
Eugene Coetzee
ASSOCIATES
interior design | architecture | furniture

Geagte Ouers, steeds rig ek graag 'n vriendelike versoek aan u dat u toestemming sal verleen tot inligting wat ons van gebruik wil maak vir die **BEMARKING VAN LAERSKOOL UNIKA**.
"Effektiewe bemarking aan die regte gehoor is van kardinale belang vir die voortbestaan van ons skool, ons identiteit, kultuur en waardes.
Sosiale mediaplatforms soos "Facebook" bied ongelooflike gevorderde metodes aan om gehore met spesifieke demografiese eienskappe, belangstellings en taalvoorkeur te "teiken" vir bemarkingsdoeleindes.
Ons wil graag van u onidentifiseerbare inligting (slegs e-posadres en selfoonnommer) gebruik maak om 'n digitale gehoor van mense met 'n soortgelyke demografiese profiel te skep waaraan ons Laerskool Unika kan bemark.
Name, vanne, ID-nommers, adresse en enige ander inligting wat enige ouer kan identifiseer sal glad nie gebruik word nie en e-posadresse en selfoonnommers sal ook nie gebruik word om enige bemarkingsmateriaal aan ons huidige ouers te stuur nie.
Indien u nie toestem tot die gebruik van u e-posadres en selfoonnommer vir bogenoemde doeleindes nie, versoek ons u om asb. vir ons daarvan in kennis te stel deur 'n skrywe na die volgende e-posadres te stuur: ontvangs@unika.co.za.

Neem asb. kennis dat **vanaf 1 Februarie 2020, die eerste klok alreeds om 07:25** sal lui vir leerders om aan te tree. Leerders beweeg dan na hul klasse om teen 07:30 met akademieprogram te begin.
Skooltye:

| | | |
|---|---|---|
| Graad R tot graad 2 | : | 07:30 tot 13:05 |
| Graad 3 tot graad 7 | : | 07:30 tot 13:30 |

## 2. FINANSIES

Baie dankie aan al ons ouers wat hulle skoolgeld vooruit betaal het, asook aan die ouers wat gereelde skoolgeldbetalers is.

**Aansoek om vermindering van skoolgeld**

Aansoeke vir vermindering sluit op 31 Januarie 2020. Die aansoekvorm kan in die kantoor by me. Cronje afgehaal word. Die vorm moet asb. met volledige dokumentasie by die kantoor ingehandig word.

**Skoolgeld**

Laerskool Unika is 'n skoolgeld heffende skool. Ouers moet daarop let dat skoolgeld voorkeur geniet bo naskoolgeld en ander aktiwiteite. Ouers word versoek om asb. gereeld hulle skoolgeld te betaal. Indien u 'n probleem ondervind om skoolgeld te betaal, versoek ons dat u asb. vir me. Cronje so spoedig as moontlik daarvan in kennis stel. Indien die skoolgeldrekening drie maande of meer agterstallig is, sal die rekening vir invordering oorhandig word.
Rekeningstate word op 'n maandelikse basis aan ouers gestuur. Indien u nie state van ons ontvang nie, stel ons asb. in kennis en maak asb. seker dat u kontakbesonderhede by Laerskool Unika op datum is. Skoolgeldrekeninge kan ook op d6 besigtig word.
Gebruik asb. u gesinskode wanneer u geld in Laerskool Unika se rekening inbetaal. Indien u onseker is van u gesinskode, kontak asb. die kantoor om u hiermee te help. Die gesinskode verskyn ook op u rekeningstaat.

**Naskoolsentrum**

Die Naskoolsentrum is geprivatiseer. Indien ouers een maand agterstallig met naskoolgeld is, kan die leerder gevra word om die Naskoolsentrum te verlaat. Die leerder sal eers weer toegang tot die Naskoolsentrum ontvang sodra die rekening op datum betaal is.

## 3. NASKOOL

**Naskoolinskrywings:** Navrae i.v.m. naskoolinskrywings vir 2020 (Graad R-7) kan gerig word aan naskool@unika.co.za.

## 4. KLEREBANK

Die klerebank sal slegs tydens die volgende ure beskikbaar wees vir aankope. Aankope is onmiddellik betaalbaar by die kantoor.
Maandae en Woensdae: 07:00 – 08:00
13:00 – 13:30

## 5. UNIKA-GHOLFDAG

**UNIKA-GHOLFDAG ("FIRETHORN"– RANDPARK GHOLFBAAN: 25 FEB. 2020**

Unika se 60ste Feesjaarvieringe is goed op dreef. Die gholfkomitee wil 'n vriendelike versoek tot al ons ouers rig om ons te help soek na onderstaande borge deur die inligting op u "WhatsApp" te stuur na u vriende/familie of indien u self belangstel of vriende/familie het wat maatskappy besit ens.

U is meer as welkom om die aandfunksie na die dag se verrigtinge by te woon en heerlik saam te kuier teen R250 p.p. wat 'n ete insluit.

*1) **Diamantpakket**: R50,000. Hierdie is die hoofborg van die gholfdag. Slegs 1 diamantpakket is beskikbaar.*

- *Die dag sal bekend staan en bemark word as die "Unika + Borgmaatskappy se naam Gholfdag."*
- *Die diamantborg adverteer by registrasie en die maatskappy se naam sal op alle korrespondensie verskyn asook op die geskenkpakkies.*
- *2 x 4 Balle en 2 x watergate ingesluit.*
- *Advertensie vir 4 weke in Unika se nuusblad.*

*2) **Platinumpakket**: R25,000. Slegs 1 platinumpakket is beskikbaar.*

- *Advertensies om die halfweghuis.*
- *2 x 4 Balle en 2 x putjies.*
- *Advertensie vir 3 weke in Unika se nuusblad.*

Vir enige navrae, kontak asb. vir me. Denise Fouchee by: denise.fouchee@unika.co.za.

## 6. RUGBY- EN NETBALFONDSINSAMELING

Ons nooi alle ouers uit om die netbal-fondsinsameling op **5 Feb.** en die rugby-fondsinsameling op **13 Feb.** om 17:30 te ondersteun. Die 0/13-rugby seuns en netbaldogters sal die kelners van Spur, Ferndale on Republic, ondersteun en help gedurende die aand om sodoende geld in te samel vir hul skool se rugby- en netbaltoer. Ons vra dat elke ouer asseblief hul ondersteuning sal kom wys. Indien daar ouers is wat nie die aand sal kan bywoon nie, maar graag 'n donasies wil skenk, is julle welkom om vir me. Nikita van Heusden of mnr. Stian van Dyk te e-pos. Dagboek solank die datum. Ons hoop om julle daar te sien!

## 7. HULPVERLENINGSKLASSE VIR GRAAD 4 TOT 7

Hulpverlening vir gr. 4 -7 begin Maandag, 27 Januarie. Leerders wat betrokke is, het briewe ontvang op Maandag, 20 Jan.

**NEEM ASB. KENNIS** dat daar geen hulpverlening vir gr 4 – 7 sal wees op Dinsdag, 28 Jan. nie a.g.v. die atletiekbyeenkoms wat plaasvind.

## 8. LEESSENTRUM

Ekstra leesklasse begin op Maandag, 27 Januarie 2020.
Slegs die leerders wat geïdentifiseer is deur die taalonderwysers, sal 'n brief ontvang om die ekstra leesklasse by te woon.
Die ekstra leesklasse is vrywillig en behels geen kostes nie.
Enige navrae kan direk gestuur word na me. Marzanne Koch.
Die volgende dae en tye sal ook op die brief aangedui word:

| | | |
|---|---|---|
| Maandae | Graad 1 tot 3 | 13:15 tot 15:00 |
| Dinsdae | Graad 4 en 5 | 13:15 tot 15:00 |
| Woensdae | Graad 6 en 7 | 13:15 tot 15:00 |

**NEEM ASB. KENNIS** dat daar geen ekstra leesklasse sal wees op Maandag, 3 Feb. nie.

## 9. INLIGTINGSAANDE: GRAAD 1-7

Baie dankie aan al die ouers wat die inligtingsaande bygewoon het. Inligtingsbriewe sal op Maandag, 27 Jan. uitgedeel word en op d6 geplaas word.

## 10. TOETSROOSTER: EERSTE KWARTAAL 2020

| Datum | Graad 4 | Graad 5 | Graad 6 | Graad 7 |
|---|---|---|---|---|
| Vrydag 21 Feb. | SW: Geskiedenis | SW: Geskiedenis | SW: Geskiedenis | NW |
| Dinsdag 25 Feb. | | | | |
| Vrydag 28 Feb. | SW: Geografie | SW: Geografie | SW: Geografie | SW: Gesk. & Geo. |
| Dinsdag 3 Maart | | | | Tegnologie |
| Vrydag 6 Maart | NWT | NWT | NWT | EBW |

**REëLINGS:**

- Afbakening word 'n week voor die tyd skriftelik aan die leerders gegee (graad 4-6 en graad 7's skryf afbakening af). Dit verskyn ook op die webtuiste, **slegs** vir graad 4-6.
- Vir navrae aangaande toets - kontak eers vakonderwyser, daarna DPS.
- Indien u nog enige verdere navrae het, kontak adjunkhoof en hoof.

## 11. ROBOTIKA EN REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE (RTT)

Welkom by die toekoms!!!
Ons is baie opgewonde om saam met die leerders die toekoms aan te pak.
Die Robotika en Rekenaartoepassingstegnologie (RTT) klasse het reeds op Maandag, 20 Januarie 2020 begin. In die Robotika-klasse gaan leerders met toestelle werk soos die *"Blue Bot"* en in die RTT-klasse gaan hulle met programme werk soos *Word, Excel* en *PowerPoint*.
Geen assessering gaan plaasvind in hierdie twee, nuwe vakke nie.
Robotika en RTT is praktiese vakke en dit dien as vaslegging van die teorie wat in ander hoofvakke behandel word.
Vir enige navrae, kontak vir mnr. Ruan Benadie en me. Marzanne Koch direk per e-pos.

## 12. INTERNE-REDENAARS 2020

Unika wil graag die deelname aan kultuuraktiwiteite verhoog, dus het die kultuurkomitee besluit om die volgende stappe te neem:

Laerskool Unika gaan in kwartaal 1 gebruik maak van die ATKV se temas vir toesprake as fondasie vir die redenaars. Redenaars begin hierdie jaar in die klaskamer, waar alle leerders (gr.2 tot gr.7) volgens die temas op skoolvlak sal deelneem. Leerders sal nie akademies benadeel word nie aangesien die puntetoekenning soos vorige jare geskied en die rubriek dieselfde is met slegs een of twee klein aanpassings (sien d6 vir die rubriek).

Daarna word leerders geïdentifiseer om as individu hul onderskeie spanne (wit, geel en blou) te verteenwoordig by die interne-redenaars wat ook as die inter-redenaars dien. Hierdie leerders sal 'n brief ontvang. Die span met die hoogste punte wen die inter-redenaars. Daar word per graad 'n seun- en dogterwenner aangewys.

Die skool skryf die 12 leerders met die hoogste punte tydens die interne-redenaars in om die skool by die ATKV-redenaars te verteenwoordig.

Hierdie 12 leerders kry 'n afrondingskursus wat deur die skool gereël word.

Enige gr. 1-leerder wat belangstel in die redenaars, se ouers is welkom om me. Maritza te kontak by maritza.nell@unika.co.za. Geen leerder sal die geleentheid vir deelname ontneem word nie.

Die interne-redenaars vind vroeg in Maart plaas, hou gerus die d6 dop vir verdere kommunikasie in die verband.

Temas:

Graad 1 tot 3: Kaalvoet / Wonder / Fees

Graad 4 en 5: Voetspore / Voel / Letters

Graad 6 en 7: Toekoms / Liefhê / Afronding

## 13. NEA - AWARDS 2020

Eisteddfod-awards 2020: NEA het laat weet hulle behoort teen Maandag, 20 Januarie inskrywings en inligting oop en beskikbaar te hê. Hou gerus d6 dop. Alle leerders wat diplomas in Oktober 2019 vir items (behalwe improvisasie-items) ontvang het, mag verder deelneem.

## 14. KOOR

**Seniorkooroefening** op Donderdae 14:00 – 15:00.
**Juniorkooroefening** op Donderdae 12:55 – 13:55.

## 15. SWEM

Swemgala **Vrydag, 31 Januarie** by Crawford, Fourways. Alle swembesonderhede is op d6 beskikbaar (Nov. 2019).

## 16. TENNIS

**Woensdag, 29 Januarie**: Seniordogters-liga begin (tuis).
**Donderdag, 30 Januarie**: Seniorseuns-liga begin (tuis).

## 17. ATLETIEK

**Oefenrooster**

Die oefenrooster vir die atletiekseisoen is op d6 beskikbaar en die atlete moet asb. by die dae en tye van die rooster hou.

Atlete moet gereeld oefeninge bywoon om hul plek in die span te behou, selfs indien privaatafrigting elders geskied.

**Belangrike atletiekdatums:**

Alle datums is op die d6/Kalender beskikbaar.

| | |
|---|---|
| Dinsdag, 28 Jan. | Vriendskaplike Tuisbyeenkoms: Horison, Jan Celliers, Dalmondeor, Sandton Akademie, Leeuwenhof. |
| Vrydag, 07 Feb. | Cluster-byeenkoms te Ruimsig Stadion |
| Saterdag, 08 Feb. | Top 20 te Ruimsig |
| Saterdag, 15 Feb. | D10-Kampioenskap te Ruimsig |
| 6 en 7 Mrt. | Gauteng-Kampioenskap te Ruimsig |
| 26-28 Mrt. | SA-Kampioenskap te KZN |

**Kleredrag vir Unika-Atletiekspan:**

Atlete mag slegs in die Unika-atletiekklere deelneem, die klere is beskikbaar by Constantia Uitrusters. Indien u probleem met klere het, kontak asb. die sportkantoor.

Neem asb. kennis dat die eerste kwartaalprogram en die buitemuurse aktiwiteite op **d6 beskikbaar** is.

## 18. POS BESKIKBAAR

Rugby afrigtingspos beskikbaar.

Moet elke middag beskikbaar wees van 14:15 tot 15:15.

Salaris sal bespreek word met onderhoud.

Stuur e-pos met CV aangeheg aan Stian van Dyk (stian.vandyk@unika.co.za)..

## 19. MySchool

MySchool MyVillage MyPlanet
EVERY SWIPE COUNTS

"MySchool card" is 'n manier om die skool finansieel te ondersteun en al wat dit ouers gaan kos, is 'n bietjie tyd. Ons sal dit opreg waardeer dat u sal aansluit. U kaart kan by die volgende plekke gebruik word:

Gebruik die volgende webtuiste om die aansoekvorm te voltooi.

branded_application_form_afrikaans-96 [2018-08-28T10_20_23+0200].pdf

Stuur dit asseblief so gou as moontlik terug na juffrou Kobi Alberts of kontak haar gerus by kobi.viljoen@unika.co.za.

## 20. ERKENNINGS EN DANKIE-Sê BRIEWE AAN LAERSKOOL UNIKA

Dit is vir ons 'n eer en voorreg om die mooi briewe wat ons van verskeie mense ontvang met u te deel:

*Liefste dames*

*Ek wil graag net vir julle, asook die res van die kantoor personeel, baie dankie sê vir julle hulp en ongelooflike verwelkoming by Unika.*
*My dogtertjie het dadelik ingeskakel en is baie gelukkig by die skool, soveel so dat sy nie eers huis toe wou gaan na die eerste dag nie! Ek was so verlig.*
*Ek vind die skool dinamies en uitstekend georganiseerd en waardeer natuurlik ook die netjiese terrein en pragtige tuine as ek haar optel in die middag.*

*Baie dankie!*




We are specialists in Building alterations, Revamping Bathrooms and Kitchens, Painting, Roof repairs, Paving, Rhino light, Tiling/cladding, Water and Damp proofing, Ceilings and ceiling repairs, Small electrical work, Plumbing, Carpentry and door repairs or replacement.



## CONTACT US

**Joanie Brussow**
067 648 4275

**Nicoline Smith**
072 099 9526

111 Oak Avenue
Robindale, Randburg

secret.slimmingspa@gmail.com

# SECRET

European Slimming Technology & Spa



**TRADING HOURS : MON - SAT : 09:00-17:00, SUN: ON REQUEST | BY APPOINTMENTS ONLY**




## TREATMENTS AND PRODUCTS

- NON-INVASIVE LIPOSUCTION
- CELLULITE REDUCTION
- SECOND CHIN REDUCTION
- NON-SURGICAL BREAST LIFTS
- FACIALS & BACK FACIALS
- HEALTHY EATING PLANS
- SECRET SLIMMING CAPSULES
- STOCKIST OF ANNIQUE





Annique
HEALTH AND BEAUTY






Goeie, betroubare huishulp beskikbaar vir elke dag / inwoon. Kontak Lorna direk by 064 627 1567 en vir verwysing kontak gerus me. Annemarie Kirsten by 082 928 5209.